

Saterdag 27 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 3:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 2:3

Deur die Gees gereinig en gesuiwer om oor God groot te praat

Met die winter wat voorlê, is die grootste dele van hierdie land droog. Dis veldbrandtyd wat kom. Soveel wat deur vuur verteer word. Die Bybel beskryf soveel kere vuur as verterend en verwoestend. Ook word God as 'n verterende vuur gevrees (Eks. 24:17; Jes. 30:30; Heb. 12:29). Wat sien die gelowiges op Pinksterdag? Vuur! Is dit God met sy oordeel? Nee. God vertel ons in sy Woord iets meer oor vuur. Vuur word ook gebruik om te louter, te suiwer (1 Pet. 1:7; Op. 3:8).

Die profetiese woord deur Johannes die Doper word nou werklikheid: Hy wat kom, sal met die Heilige Gees en met vuur doop (Matt. 3:12; Luk. 3:16). Wat sien die mense dan op Pinkster? *Iets soos* vuur wat in tonge verdeel het. As dit regtig vuur was, die vuur van God se heerlijkheid, of die vuur van God se oordeel, het niemand in die huis dit oorleef nie.

- Vuur – God is aan die werk.
- Iets soos – God hou rekening met die mens se swakheid.
- In tonge verdeel – God raak die mens in sy swakheid aan; reinig hom van sy ongeregtheid (Jes. 6:6, 7).

Op Pinkster kom God die Heilige Gees met 'n tweede teken: iets soos vuur wat in tonge verdeel en op elkeen kom. Die Gees wat mense reinig op grond van Jesus Christus, wat mense louter/suiwer, met groot invloed op die tong, met wat en hoe jy praat. Vir elkeen. Nie net vir 'n uitgesoekte groepie soos Petrus en later Paulus nie. Sodat ek en jy kan gaan praat. Groot praat oor God. Nie meer grootpraterig wees oor myself, my kinders en my prestasies nie. Oor God, wat groot is, praat. Aanvanklik was dit 120, en later nog 3000, totdat God dit 'n groot menigte maak wat uitroep: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!” (Op. 7:10).

Sing: Skrifberyming 18-1 (9):1, 2

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)